Cannot view the email properly? View it online

VrydagNuus

29 November 2024

Adventshoop

Adventstyd is die Januarie van die kerklike jaar. Die kerkjaar begin elke jaar met Adventstyd en eindig met die Seisoen van Voleinding aan die einde van Koninkrykstyd.

Adventus beteken ‘aankoms’ en in Adventstyd word daar baie gebruik gemaak van lig om mense aan Jesus te herinner wat die Lig was wat na die wêreld toe gekom het. Sondag 1 Desember is hierdie jaar se eerste Adventsondag en dan is die tema: hoop.

Cyril van Jerusalem het die hoop van Advent alreeds in die 300’s nC uitgewys deur die tweevoudige koms van Christus te beklemtoon en gepleit om nie net op die eerste koms alleen te fokus nie. Oor die tweede koms, het hy gesê: ‘Jesus se tweede koms gaan in groter heerlikheid as sy eerste koms afspeel. Sy eerste koms het oorgegaan in lyding en swaarkry. Sy tweede koms gaan die kroon van sy heilige koninkryk aarde toe bring.’

Cyril het ook gesê: ‘Ons moenie inhoudelik vashaak by Jesus se eerste koms nie. Gelowiges moet bly hoop en bly wag op Jesus se tweede koms.’

Behalwe dat ons met Advent Jesus se tweevoudige koms vier, wag en woeker gelowiges nou alreeds angstig vir ‘n duideliker verskyning van sy koninkryk op aarde. Ons hunker daarna dat sy koninkryk elke dag helderder sal kom.

Paulus het in 1 Korinthiërs 15:19 geskryf: ‘As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.’

Advent bring hoop omdat Jesus gekom het, maar ook weer kom.

Gebed:
Here, help ons om u lig só te weerkaats dat dit hoop gee vir elkeen wat in wanhoop leef.
Amen.

Baie groete

Dave

*NS: Die kerkraad het tydens die vergadering van 20 November vir **ds. Lionel Hutton** van Stellenbosch Moedergemeente beroep. Lionel se naam word nou vir die tweede keer afgekondig waarna hy geleentheid het om die beroep te aanvaar of bedank. Ons bid vir Lionel en sy gesin met hierdie besluitneming.*

1 Desember

Deuroffers: Bediening aan Dowes

Erediens | Kerk @ 09:00
Jurie Gouws (doop*)
Erediens | Kerk @ 10:30
Jurie Gouws (doop*)
Erediens | Kerk @ 18:30
Dave Viljoen

* Dopelinge:

JOHANNES MATTHIAS BRAND, seuntjie van Gerdus en Thea

Noemnaam: Hannes

ANDRIES JURIE GOUWS, seuntjie van Kershoff en Beanca

Noemnaam: Andries

Aanlyn erediens - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier**.

Wag-vreugde

Wag-vreugde boekies (uit die pen van Dave Viljoen) is ideale Bybelstudie leesstof in Adventstyd en die aanloop tot Kersfees. Kom koop jou eksemplaar by die kerkkantoor teen R100 per boekie.

Karoolammers

Bestellings is nou gesluit! Diegene wat bestel het word herinner daaraan om die vleis op **6 Desember tussen 09h00 en 12h00 by die kerk te kom betaal en afhaal**. Vleis wat nie afgehaal word teen 12h00 nie, kan ongelukkig nie gestoor word nie en sal dan geskenk word.

Karl Bremer

Hierdie naweek is die **laaste geleentheid** om pakkies vir Karl Bremer pasiënte te skenk. Maak 'n pakkie op met die volgende items:

- Tandepasta
- Tandeborsel
- Waslap
- Seep
- Lyfroom
- "Roll-on"
- Pakkie lekkers

Plaas die skenkings onder die kersboom in die kerk se voorportaal of bring na die kerkkantoor teen Maandag, 2 Des.

Ruyterwacht

Skep 'n **ekstra bord kos** op Kersdag en bring na die kerk se parkeerterrein tussen 16h00 en 17h00.

Borg 'n Ruyterwacht inwoner se ledegeld vir 2025 teen **R150** per persoon (Kersboom met naamkaartjies sal op Kersdag beskikbaar wees) of doen vooraf navraag by die kerkkantoor.

Gebedsbediening

Gebedsfokus van die week

Die volledige gebedsfokus vir die week is op die webtuiste beskikbaar.

Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur ’n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

Bid saam met die gebedspan

Sluit aan by die gebedspan in die gebedskamer na afloop van die 09h00 diens.

Kerkkantoor:

Ma - Do 09:00 - 16:00

Vry 09:00 - 13:00
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

Snap here to pay

SnapScan

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Bankbesonderhede:

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655